
# Hoephoep

November 2024

Jaargang 29(3)

Nr 143



Nuwe bestuur

Namibië Toer

Interessante Projekte

*Kersfees 1988 vra 'n Dominee die jeug groep, wat beteken Kersfees vir jou? In my gees kom lê die wete dat Jesus aarde toe gekom het om die verhouding met Hom tasbaar (kan daaraan vat) en prakties (Hy kom wys ons hoe) te maak.*

*Elke Kersfees onthou ek dié vraag: wat beteken Kersfees vir jou?*

**AS THE YEAR COMES TO A CLOSE, I AM GRATEFUL FOR THE JOY, LOVE, AND LAUGHTER THAT FESTIVALS SUCH AS CHRISTMAS BRING TO OUR LIVES. MAY THIS SPECIAL TIME OF THE YEAR BE FILLED WITH LOVE AND CHERISHED MOMENTS WITH FAMILY AND FRIENDS. MAY THE SPIRIT OF CHRISTMAS FILL YOUR HEART WITH PEACE, HAPPINESS, AND GRATITUDE.**

Voëlkykers het 'n wonderlike voorreg om die grootsheid van God in die natuur te beleef elke keer wanneer hulle na voëls kyk. Mag jy en jou Hartsmense ook in hierdie Kersfees weer die alomteenwoordigheid van God beleef. Geseënde Kersfees aan elkeen van julle.

**This was a special year with the 40$^{th}$ celebrations of BirdLife Wesvaal.**

**We wish all Birders near and far - a blessed Christmas and New Year!**

# UIT DIE VOORSITTER SE NES

“Die hart van ons BirdLife Wesvaal”

Wat is ‘n ontspanningsklub? Een van baie definisies beskryf dit as ‘n groep individue wat dieselfde doelwitte nastreef en op bepaalde aksies en aktiwiteite fokus tot voordeel van 'n gemeenskaplike doel en die bevrediging van die individue se verwagtinge.

By BirdLife Wesvaal ervaar ons dat lede die lewensbloed van ons klub is.

BirdLife Wesvaal akkommodeer diversiteit en verskillende belangstellings van klublede en poog om ‘n balans te vind tussen verskeie aktiwiteite en geleenthede. Die betrokkenheid van lede is ‘n prioriteit by die Bestuur en daarom is goeie kommunikasie uiters belangrik. Dit verseker dat ‘n gewaardeerde lid ‘n gelukkige lid is. Sonder toegewyde lede sou BirdLife Wesvaal nie bestaan het nie. Baie dankie aan elke klublid.

BirdLife Wesvaal se geskiedenis is ‘n bewys van die krag van passie en toewyding. Oor vier dekades het die klub onvergeetlike oomblikke van kameraadskap ervaar, daar was vele hoogtepunte maar ook talle uitdagings. Deur dit alles het lede se passie vir BirdLife Wesvaal, die voëls en die bewaring van die natuur onwrikbaar bly staan.

*Pieter Labuschagne*



# KLUBAANDE

## 42 DAE EN 42 NAGTE: VOËLKYKTOER DEUR BOTSWANA EN NAMIBIË

Op 1 Augustus 2024 het 70 klublede na die wedervaringe van Johan Nel, Alet Steyn, Lawren Oelofse en Corrie Venter van hulle voëlkyk toer geluister. Hierdie lede het saam met familie en vriende vir 42 dae van Maart tot Mei 2024 in Botswana en Namibië getoer om hulle voël lyste aan te vul.

Johan het terugvoer gegee oor die voorafbeplanning wat so 'n toer voorafgaan wat endemiese voëls, verspreidingsgebiede en die koördinate waar hierdie voëls moontlik gesien kon word, ingesluit het. Hierdie beplanning het ook brandstof punte en plekke waar voorrade aangevul kon word ingesluit. Alle kampplekke is vooraf bespreek en moontlike voëlkyk plekke op die roetekaart aangedui.



**Lawren Oelofse, Johan Nel, Alet Steyn, Corrie Venter, Marietha Oelofse**

Alhoewel die span etlike duisende voël foto's geneem het, het hulle besluit om net voëls wat nie in Suid Afrika voorkom nie, met die BirdLife Wesvaal lede te deel. Lawren het die foto's wat die span saam voorberei het gewys.

Alet het video's gewys soos die waadvoëls wat kos in die strandmeer by Walvisbaai gesoek het waar voël gedrag duidelik waargeneem kon word.

Laastens het Corrie afgesluit met foto's oor rotse, bobbejaantoue in bome en die wit termiet hope wat in Namibië te sien was.

Die toer het oor die 7,000 kilometer gestrek, meer as 300 voëlspesies is gesien, 34 pentads is ingedien en lede kon hulle eie lewens lyste van voëls ook 'n goeie hupstoot gee. Dankie julle vier dat julle die wedervaringe met die ander Wesvaal lede gedeel het. Dit was 'n baie interessante aand gewees. Sien die volledige artikel op bladsy 18.

## VOËLS VOLGENS KLEUR

Baie lede van BirdLife Wesvaal het na die aanbieding van Nick Newman se "Voëls volgens Kleur" uitgesien. Op 5 September 2024 het 68 lede en besoekers na die interessante praatjie geluister.




Nick, die seun van Kenneth Newman wat 23 verskillende voël gidse gepubliseer het, was van kleins af aan voëlkyk bekendgestel maar hy het aanvanklik nie baie van die stokperdjie gehou nie omdat die voëls alewig weggevlieg het. Na sy pa se dood het Nick besluit om sy pa se boek, Voëls volgens Kleur, by te werk en weer uit te gee. Die rede vir hierdie besluit was dat die kleur van voëls die mees opvallende kenmerk is en veral beginner voëlkykers identifiseer eers die kleur van voëls. Hierdie nuwe uitgawe van die boek het nie slegs voël-illustrasies nie maar daar is ook 'n foto wat die illustrasie ondersteun om die uitkenning te vergemaklik. Die foto's is deur Nick Newman self geneem maar baie amateur fotograwe het hulle foto's goedgunstiglik vir publikasie in die boek geskenk. Nick het voortgegaan om te verduidelik hoe die boek vir gebruik uiteengesit is.

**Kleur**

Beginner voëlkykers is veral geneig om eerste die voël kleur op te merk maar nie alle mense kyk op dieselfde manier na kleur nie. Daar word in die boek na die hoofkleure en patrone vir identifikasie gekyk. 'n Veelkleurige voël kan dus meer as een keer in die boek verskyn soos byvoorbeeld die Spookvoël (Grey-headed Bush-Shrike). Hierdie voël verskyn drie keer, onder die kleure groen, oranje en geel, in die boek. Baie wyfies van voëls is bruin van kleur en drie hoofstukke word aan die kleur bruin gewy naamlik rooibruin, donkerbruin en ligbruin veredrag. Daar kom 630 voëlspesies

in die boek voor wat beteken dat alle voëlspesies van Suidelike Afrika nie in hierdie boek ingesluit is nie.

**Grootte**

Beginner voëlkykers sukkel soms ook om die grootte van die voël te skat wat tot verkeerde identifisering van 'n voël kan lei. Newman vergelyk die grootte met bekende voëls naamlik klein voëls met 'n mossie (sparrow), medium grootte met 'n duif (dove), groot voëls met 'n tarentaal (guineafowl) en baie groot voëls met 'n Hadeda (Hadeda Ibis). In die boek word daar langs elke voël die grootte van die voël binne 'n simbool aangedui wat uitkenning vergemaklik.

**Habitat**

Dit is belangrik dat voëlkykers daarvan bewus is dat sekere voëls net in sekere habitatte voorkom. Die soort habitat waar 'n spesifieke voël voorkom word deurgaans in die boek aangedui. In die boek word 10 soorte habitatte bespreek en met 'n simbool, langs elke voël, aangedui om uitkenning te vergemaklik.

**Taal**

Die boek poog om voëlname in verskillende tale aan te dui. As voëlkykers voëls in hulle eie taal kan identifiseer stimuleer dit die belangstelling in die natuur. Aangesien Namibië 'n buurland is, word voëlname ook in Duits aangedui. Die prominente Afrika name waar 'n voël voorkom is ook aangedui en in baie gevalle moes 'n nuwe naam geskep word. Die Kaapse Bontrokkie (Cape Batis) se isiZulu naam wat geskep is, is Udokotela wat dokter beteken. Dit verwys na die swart bors streep op die voël en word verbind met tradisionele medisyne dokters wat altyd hulle sakkie oor hulle bors dra. Voëlname moet dus tot die mense spreek.

**Opvoedkundige inligting**

Die boek is so gestruktureer dat daar interessante inligting aan die begin van elke hoofstuk is om lesers se voël kennis te verbreed. Nick Newman het 'n paar voorbeelde hiervan met die lede gedeel.


Kleur pigmentasie word deur die teenwoordigheid van melanien, kartenoïede en porfirien pigmente veroorsaak. Wanneer daar 'n oormaat swart of bruin pigment teenwoordig is vertoon die voël donker en dit staan bekend as melanisme omdat dit die normale kleur patrone onderdruk. Kartenoïede veroorsaak die rooi, geel en oranje kleredrag van voëls. Hierdie veerkleur word veroorsaak deur die voedsel wat voëls eet. Porfirien pigmente bevat koper wat voëls soos loeries (turaco's) inneem en metaboliseer om die groen en rooi veredrag te vertoon wat kenmerkend is van hierdie voëls.

Blou veredrag in voëls word veroorsaak deur irisasie en nie deur die teenwoordigheid van pigmente nie. Dit word veroorsaak deur die opbreking van lig op die veerhakies op die vere van 'n voël. Pers en violet kleure daarenteen word deur ultraviolet

ligspektrum daargestel. Navorsing het getoon dat die meeste van die voëls wel die spektrum van ultravioletlig kan waarneem wat veral belangrik is in die broei gedrag van voëls.

**Bedreiging van voëls**

Daar is verskeie faktore wat ‘n impak op voëls kan hê soos klimaats- en habitat veranderinge. Navorsing het getoon dat voëls nou vroeër ‘n gebied binnekom of vroeër ‘n gebied verlaat as gevolg van klimaatsverandering. Hierdie veranderinge kan ‘n impak hê op voël getalle. Sangers (warblers) is afhanklik van ‘n spesifieke ruspe op eikebome in Europa maar omdat hierdie eikebome nou vroeër blom broei die ruspes vroeër uit. Teen die tyd dat die sangers in Europa aankom het die voedsel getalle as gevolg hiervan drasties verminder, minder eiers word dus gelê en voël getalle neem af. Navorsing het ook getoon dat die snawels van neushoringvoëls (hornbills) stadig besig is om te vergroot. Hierdie voëls reguleer hulle temperatuur deur hulle snawels en in warmer weer is groter snawels nodig om die voëls af te koel. Hou egter in gedagte dat hierdie veranderinge oor geslagte heen plaasvind en nie in ‘n enkele voël nie.




Willie Victor en Nick Newman

Die mens het ook ‘n groot invloed op die verspreiding van voëls. Palmbome wat in die Kaap aangeplant is, het die verspreidingsgebied van die Palmwindswael (African Palm Swift) van die Tuinroete tot in Kaapstad uitgebrei.

Nick Newman was ook so vriendelik om een kopie van sy boek, Voëls volgens Kleur, aan BirdLife Wesvaal te skenk. Die boek is uitgeloot teen R10 ‘n kaartjie en die gelukkige wenner daarvan was Willie Victor.

Voorwaar ‘n baie aangename en leersame aand!



# STEDELIKE AANPASSING EN UITBUITING VAN REPTIELE ASOOK KONFLIK TUSSEN DIE MENS EN SLANGE




Op 3 Oktober 2024 het 49 BirdLife Wesvaal lede hulle kennis oor die natuur uitgebrei deur na ‘n interessante aanbieding deur Dr. Cormac Price se navorsing oor slange in stedelike gebiede, te luister.

Baie wild kom in stedelike gebiede voor. Dit sluit soogdiere soos apies, luiperds, hiënas en jakkalse maar ook reptiele soos slange en likkewane in. Diere in stedelike gebiede kan siektes veroorsaak, kosvoorrade kontamineer en infrastruktuur beskadig. In Suid Afrika word jaarliks ongeveer 4000 mense deur slange gepik alhoewel net 12 persone per jaar aan slangbyt sterf.

Navorsing op wilde diere in stedelike gebiede help navorsers om te verstaan hoe spesies by vinnige omgewingsveranderinge kan aanpas. Daar is byvoorbeeld gevind dat diere hulle eetgewoontes verander en ook gemorskos eet. Bloukopkoggelmanders (Blue-headed Agama Lizards) groei vinniger in stedelike gebiede as in die natuur. Diere word egter ook deur die mens uitgebuit. Baie diere word doodgemaak vir vleis of muti en luislange se velle word gebruik vir handsakke.

Dr. Price se navorsing oor slange het in Durban begin. Alhoewel daar wêreldwyd ‘n hoë sterftesyfer as gevolg van slangbyt is, was daar in Durban met ‘n bevolking van amper 4 miljoen mense geen sterftesyfer deur slangbyt aangeteken nie. Die navorsers het die rede hiervoor ondersoek en die moontlike oorsake was: die geografie van die area, slang gedrag, die mense se bewustheid oor slange en die teenwoordigheid van baie slangvangers in die omgewing.

In die Durban omgewing is die Swartmamba (Black Mamba) en Mosambiek Spoegkobra (Mozambique Spitting Cobra) die mees prominente slange. Navorsing het getoon dat geografie wel ‘n rol speel want in die Durban omgewing is daar diep klowe waar geen geboue opgerig kan word nie en die slange het dus ‘n veilige habitat waar mense hulle nie kan steur nie. Daar is ook gevind dat slange hulle roetine verander het om mense te vermy, hulle soek byvoorbeeld in die nag kos wanneer mense slaap. ‘n Voordeel van die slange se teenwoordigheid is dat hulle die getalle van rotte, hamsters en selfs rondloper katte in toom hou.

Dr Price se navorsing is later na die Potchefstroom area verskuif. In teenstelling met Durban is die topografie van Potchefstroom relatief vlakker. In dié omgewing is daar wel klein kanale en stormwater aflope teenwoordig en die Mooirivier loop deur die dorp. Sy navorsing fokus op vier slange in die Potchefstroom omgewing naamlik die Rinkhals, Boomslang, Kaapse Kobra (Cape Cobra) en Pofadder (Puff Adder). Hierdie slange is almal potensieel gevaarlik vir die mens, maar fokus gelukkig nie op die mens as prooi nie. Dié slange sal slegs mense aanval wanneer hulle bedreig voel.

Die Rinkhals bly naby water en oorstroomde gebiede met paddas en soogdiere as prooi. Rinkhalse kan gif spoeg en speel baie keer dat hulle dood is. Wanneer mense hulle dan optel word hulle maklik gepik. Rinkhalse het sitotoksiese gif wat swelling en weefselskade veroorsaak.

Die Kaapse Kobra se prooi is hoofsaaklik ander slange en hulle gif is neurotoksies wat tot gevolg het dat 'n persoon sukkel om asem te haal indien hulle wel deur hierdie slang gepik word.

Die Pofadder daarenteen is 'n slang wat in verskeie habitatte kan voorkom en baie goed gekamoefleer is. Pofadders se gif is ook sitotoksies wat blase en weefselskade veroorsaak. Polivalente teengif is geskik as die mens deur enige van hierdie drie slange gepik word.

Die Boomslang se gif is egter hemotoksies wat interne bloeding veroorsaak. Daar is 'n spesiale teengif vir dié slangbyt beskikbaar. Boomslange, soos sy naam aandui, leef in bome en word selde op die grond gesien. Die prooi van Boomslange is hoofsaaklik voëls.

Aan die einde van sy aanbieding het Dr. Price belangrike inligting meegedeel wat 'n mens te doen staan wanneer daar wel 'n slang in die omgewing is:

- probeer om vir die slang genoeg spasie te gee sodat die slang 'n ontsnappingsroete het,
- hou kinders en honde weg van die slang,
- probeer om 'n foto, op 'n veilige afstand, van die slang te neem en
- bel 'n slang verwyderaar.

Die volgende slang verwyderaars se telefoonnommers is met die lede gedeel.

- Piet - 072 502 4272
- Hanroux le Roux - 072 210 3134
- Cormac - 076 873 8110

Dr. Price is ook gewillig om inligting te deel as lede nog vrae het en kan gekontak word op sy selfoon of email adres: cormacprice20@gmail.com

# ALGEMENE JAARVERGADERING

Die algemene jaarvergadering van BirdLife Wesvaal is op 7 November 2024 gehou en deur 51 lede bygewoon.

Lawren Oelofse het die notule van die algemene jaarvergadering van 2023 aan die lede voorgehou. Die notule was reeds aan die lede uitgestuur en daar was geen vrae rondom die notule nie.

Johan Yssel het 'n opsomming van die finansiële verslag met die lede bespreek. Die finansiële posisie van BirdLife Wesvaal is goed.

Pieter Labuschagne het 'n verkorte jaarverslag met die lede behandel. 'n Volledige verslag sal elektronies aan die lede gestuur word. Daar was baie hoogtepunte in 2024 soos die vieringe van BirdLife Wesvaal se 40ste verjaarsdag, nege klub byeenkomste en verskeie uitstappies.

Die grondwet van BirdLife Wesvaal is volledig deur Lawren Oelofse hersien met ledebydrae en die nuwe grondwet is so aanvaar.

Pieter het die drie huidige bestuurslede, Tommie Drinkwater, Roy Byers en Nick Jonas bedank vir hulle insette vir die afgelope paar jaar.

Daar was slegs een nominasie per portefeulje en die nuwe bestuur vir 2025 sien as volg daar uit:

- Beskermheer – Rudi Erasmus
- Voorsitter – Pieter Labuschagne
- Onder-voorsitter – Zybrand Lombaard
- Sekretaris – Lawren Oelofse
- Tesourier – Johan Yssel
- Media – Lounell White
- Aktiwiteitskoördineerder – Lieske Burger
- BLWV Projek Koördineerder – Linda Marais
- Nasionale Projek Koördineerder – Alet Steyn

Rudi Erasmus het daarna die bestuurspan van 2024 bedank vir die leiding wat hulle deurgaans gegee het en vir die harde werk gedurende die jaar. Lawren het ook vir Pieter vir sy leiding deur die jaar bedank.

Na afsluiting van die jaarvergadering kon die lede na 'n interessante aanbieding van John Kinghorn van BirdLife South Africa luister. In haar bekendstelling van John het Alet genoem dat hy reeds op 19-jarige ouderdom 800 voëls by sy lewenslys gevoeg het. Die tema van John se aanbieding was Voëls, Voëlkykers en Voël gidse wat op 'n baie humoristiese wyse aangebied is.



John het aangedui dat Suid Afrika die leier in voël bewaring in die wêreld is, ander lande volg nou eers Suid Afrika se voorbeeld wat al 20 jaar gelede daar gestel is. Die hoofdoel van voël bewaring is tweeledig naamlik om mense te bemagtig deur opleiding wat aanleiding gegee het tot programme wat daargestel is om voël gidse op te lei. Tweedens speel bewaring van die natuur en meer spesifiek dus voëls ‘n belangrike rol.

In Suid Afrika alleen is daar 870 verskillende voëlspesies, wat 8% van die wêreld se diversiteit uitmaak. Daar is 49 endemiese voëlspesies in Suid Afrika en twee endemiese families.

John het daarna die veldgids vir beginners om ‘n Voëlkyker te identifiseer op ‘n baie humoristiese manier aan die lede voorgehou. Die mees opvallende kenmerk is dat voëlkykers gewoonlik neutrale kleure soos kakieklere en vellies dra en hulle bene is meestal bruingebrand omdat hulle baie tyd in die buitelug deurbring. Jy kan ook ‘n ernstige voëlkyker uitken deur na die maak van sy verkyker te kyk. Die habitat van ‘n voëlkyker is gewoonlik buite in die veld alhoewel sommige van hulle ook in stede kan voorkom. Die dieet van voëlkykers is menige kere pasteie en gekleurde melkies omdat hulle nie tyd wil verspeel met kosmaak nie. Daar is ook gewoonlik genoeg kafeïen in hulle liggame om ‘n jong buffel uit te sit. Baie voëlkykers het permanente nek spasmas omdat hulle gedurig voëls bo in die bome soek.

Voëlkyk toerisme (Avitourism) is ‘n nismark en dit sluit enige aktiwiteit in waar voëls in hulle natuurlike omgewing waargeneem word. Daar is gevind dat voëlkykers langer in die land toer en dus meer in die land spandeer wat ‘n goeie bron van inkomste vir die land is. Die Go-Birding portaal is ‘n aanlyn bron wat al die voëlkyk plekke en geskikte akkommodasie in Suid Afrika aandui. Dit is dus ‘n goeie bron om ‘n vakansie rondom voëlkyk te beplan. Hierdie portaal dui ook die name van geskikte voël gidse in die omgewing aan.

Die opleiding van voël gidse is ‘n groot projek van BirdLife Suid Afrika, en die opleiding word vir ‘n periode van ses weke aangebied. Op hierdie oomblik is die opleiding geakkrediteer vir (National Qualifications Framework) NQF-vlak 2 maar in 2026 word die opleiding na ‘n NQF- vlak 4 uitgebrei wat op ‘n matriek vlak, ‘n spesifieke ambag dui. Die opleiding van voël gidse sal dus meer intensief word. Hierdie gidse word opgelei in ‘n spesifieke geografiese area waar hulle voël spesialiste word wat voëlkykers kan gebruik om spesifieke voëls waar te neem.

Die gidse word ondersteun deur skenkings van Swaroski verkykers, Canon wat kameras voorsien en uniforms wat aan hulle verskaf word. Promosievideo's word vir hulle gemaak vir advertensiedoeleindes en hulle verskyn ook in die BirdLife tydskrif. Die groep ondersteun ook mekaar deur 'n Whatsapp groep en opleiding van gidse word ook uitgebrei om fotografie en skoenlappers in te sluit.

John het die vraag gevra: Help ek is 'n voëlkyker, wat moet ek nou doen? Hy het 'n paar wenke gegee.

- Leer by ander
- Vra vrae – geen vraag word beskou as 'n dom vraag nie
- Sluit by "facebook" groepe aan
- Sluit by 'n voël klub aan
- Maak gebruik van voël gidse in 'n spesifieke omgewing
- Sluit by die "Listers" klub aan, daar word kentekens toegeken om die aantal voëls aan te dui wat 'n lid gesien het

John het afgesluit met die volgende

" Tensy mense nie iets leer nie sal hulle nie leer om daarvoor lief te word nie, tensy mense nie leer om vir iets lief te word nie, sal hulle dit nie bewaar nie".

# OGGENDUITSTAPPIES

## OUDEVLEI GASTEPLAAS

Op Saterdag 17 Augustus het die voël klub 'n baie geslaagde uitstappie na Oudevlei gasteplaas gehad. Daar was 16 lede, en 'n paar nuwe lede is ook op die uitstappie verwelkom. Die eienaar, Ewen, het ook van sy vriende saamgenooi vir die oggend.

Die roete van omtrent 3 km het verskillende habitatte ingesluit, naamlik grasveld, vleilande en rivier. Ongeveer 30 voëlspesies is gesien, die lae getal wat waargeneem is kon toegeskryf word aan die wintermaande, aangesien geen trekvoëls teenwoordig was nie.



**Lede luister na inligting**

Bob Haagner, het uitgebrei oor die geologie van die gebied en ook die gneis rotse, 'n metamorfiese rots met 'n gebande struktuur, wat gevorm is deur die impak van die Vredefort meteoriet.

Die dag is afgesluit met 'n piekniek waar lede inligting uitgeruil het.

# KGASWANE NATUURRESERVAAT




Saterdag 14 September 2024 het ‘n groep van BirdLife Wesvaal, Kgaswane, ‘n natuurreservaat in Rustenburg, besoek. Hulle het die oggend vroeg uit Potchefstroom vertrek om 8 uur by die hek te wees.

Charles Foot, die voorsitter van die Rustenburg Voëlklub, het BirdLife Wesvaal lede by die hek ontmoet. Charles ken die reservaat baie goed en weet ook waar om na voëls te soek. Jonathan Breitenbach, van Rustenburg, is ook vertroud met die reservaat se verskillende habitatte.

Charles het lede eers na die uitkykpunt teen die berg geneem waar verskeie voëls gesien is. Verskeie bosveld voëls kon by die woonkwartiere van die personeel asook laer af teen die rivier waargeneem word.  Daar is ‘n ou verlate huis en bome met blomme wat baie Swartsuikerbekkies (Amethyst Sunbirds), Witpenssuikerbekkies (White-bellied Sunbirds) en Groot-rooibandsuikerbekkies (Greater Double-collared Sunbirds) opgelewer het.



Lede het middagete by die piekniekplek genuttig en so tussendeur voëls gekyk. Na middagete het lede Castle Rock besoek met ‘n baie mooi uitsig, met verskillende rotsformasies van kwartsiet wat in verskillende vorms verweer het –‘n baie mooi uitsig. Die Bruinarend (Wahlberg’s Eagle) in hierdie gebied was vir baie lede ‘n lifer. Onder in die vlei kon lede wild soos Sebras (Zebra), Waterbokke (Waterbuck) en Swartwitpense (Sable antelope) sien terwyl heelwat lewerikke (larks) en koesters (pipits) in die gebrande dele voorgekom het. Die Kgaswane Natuurreservaat het ‘n groot verskeidenheid habitatte en is regtig ‘n besoek werd.

BirdLife Wesvaal lede het vir Charles wat sy kennis met hulle gedeel het, bedank.

## ABE BAILEY NATUURRESERVAAT





Lede van BirdLife Wesvaal het weer ‘n geslaagde voël uitstappie gehad, hierdie keer na Abe Bailey Natuurreservaat. Op Saterdag 19 Oktober 2024 is 14 lede vroegoggend uit Potchefstroom uit weg om net so voor 7:00 by die reservaat aan te kom vir voëlkyk.

Die onderskeie motors het verskillende roetes gery om ‘n groter gebied te dek. Daar is ‘n verskeidenheid van habitatte naamlik grasveld, vleiland en koppies met bome. Die vleiland het baie voëls opgelewer soos beide die Grootflamink (Greater Flamingo) en Kleinflamink (Lesser Flamingo). Die waarneming van die Grasveldlangbeklewerik (Eastern Long-billed Lark) was die hoogtepunt van die dag en daar is in totaal 92 spesies vir die dag waargeneem.





Die reservaat word goed onderhou en alhoewel daar nie water was vir toilette nie, het ‘n watertenk by die ablusieblok vir skoon en netjiese toilette gesorg. Die dag is afgesluit met ‘n heerlike piekniek onder ‘n motorafdak in die koelte. Abe Bailey is beslis weer ‘n besoek werd. Dankie Lieske vir jou reëlings, die klublede waardeer dit baie.



# NAWEEKUITSTAPPIES

## NAWEEKWEGBREEK BLOEMHOFDAM





Die naweek wegbreek het van 24 tot 27 Oktober 2024 in die Bloemhofdam omgewing plaasgevind. Dit kan voorwaar gesê word dat hierdie naweek drie vir die prys van een was. BirdLife Wesvaal lede het die voorreg gehad om Bloemhofdam in Noordwes, die Sandveld Natuurreservaat in die Vrystaat en die SA Lombaard navorsingsgebied, ook in Noordwes, te besoek om voëls te kyk. Die naweek is deur 11 lede bygewoon. Dit was 'n baie suksesvolle naweek want gesamentlik het die lede 148 spesies waargeneem.



Die Bloemhofdam het baie watervoëls opgelewer, met tye groot swerms wat 'n lus was vir die oog. Die hoogtepunt vir sommige lede was die Visvalk (Osprey). Daar kon vir ver ente langs die waterkant gery word wat die identifikasie en foto geleenthede vergemaklik het. 'n Spesiale waarneming in hierdie gebied was die Grysstrandkiewiet (Grey Plover) wat vir sommige lede 'n lifer was.





**Daar is beide langs die waterkant en vanaf die brug na watervoëls gesoek**

Sandveld Natuurreservaat het baie bome langs die dam en rivier asook groot grasveld gebiede. Ongelukkig het al die paaie wat na die rivier toe lei GEEN TOEGANG bordjies gehad wat tot gevolg gehad het dat daar nie baie watervoëls waargeneem

kon word nie. Hierdie reservaat het weereens ‘n lifer vir sommige lede opgelewer naamlik die Rooitinktinkie (Tinkling Cisticola).

SA Lombaard is ‘n navorsingsgebied en die publiek word nie daar toegelaat nie. Gelukkig kon Lawren Oelofse ook daar vir ons toegang reël en die groot soektog na die Pienkbeklewerik (Pink-billed Lark) was suksesvol toe sommige lede dit wel waargeneem het.

Lede het soggens vroeg opgestaan om die voëls waar te neem wanneer hulle nog aktief was. In die vreeslike hitte het mens en voël skadu gesoek. Al die lede het dieselfde reservaat op dieselfde dag besoek maar die motors het in verskillende rigtings gery en lede het mekaar net so nou en dan waargeneem. Daar is wel besluit dat middagetes saam genuttig word waar lede kon ontspan en hulle wedervaringe met mekaar kon deel.

Elke aand het Lawren gesorg vir ‘n groot braaivleisvuur en aangesien die aande ‘n bietjie koeler was het almal heerlik rondom die vuur saamgekuier.




Dankie Lawren vir al die reëlings, die lede het die naweek baie geniet.

# ARTIKELS

## BIRD FAIR 2024

Lieske Burger attended the Bird fair on Saturday 24 August, held by BirdLife South Africa at the Johannesburg Country Club. It was the first time that she attended, and she enjoyed the fair and learned a great deal about birds and their environment.

Lieske had to leave Potchefstroom early to participate in the early bird walk held at 6:30 at the venue. They were divided into groups, each with a guide. The country club is a golf course but there are still areas of veld and small dams. There are various running and cycling routes which they followed. Participants saw 45 species within the

two hours walk and Lieske identified two lifers- the Fairy Flycatcher (Feevlieëvanger) and Rose-ringed Parakeet (Ringnekparkiet).

The programme included many speakers who addressed specific projects or birding in general.

Lieske attended a presentation on Botha's lark (Vaalrivierlewerik): conservation of South Africa's most threatened terrestrial bird species. Dr Hanneline Smit-Robinson indicated that it is estimated that there are only 340 individuals left in a small area near Wakkerstroom in Mpumalanga. The species are critically endangered. She addressed threats such as climate change, change in habitat and human interference. Current research and plans are in place to conserve the bird. In her presentation Hanneline indicated that Rudd's Lark (Drakensberglewerik) and the Yellow-breasted Pipit (Geelborskoester) are also endangered.

Local is lekker, was presented by Mike Buckham, who addressed the endemic birds of South Africa. In Southern Africa, which includes Lesotho and Eswatini, approximately 60 endemic and near-endemic species are present. Mike indicated where to find the different species. Some species are easy to spot, but others pose challenges both in research and organising birding trips. He highlighted where to find birds in different biomes.

Dr Melissa Whitecross's presentation was on Birding the Grasslands. She explained the ecology and how fires, frost and grazers all influence grasslands. Knowledge of grassland ecology can help one to find and identify grassland species.

Jessica Wilmot's presentation focused on a study on European Rollers (Europese Troupante), where they migrate to and how long the migration lasts. In March 2024 two birds were fitted with solar powered transmitters to study their routes and areas where they over-winter. Jessica gave updates of the project and research planned for the following season.

A fun bird fair quiz with Themba Robin and David Wilson, who are content creators and comedians, were very funny and entertaining.

A documentary, Call of the Wild was shown which explored how visually impaired and blind persons can experience the bush and nature. A professional company, Soundscapes by Derrick and Sarah Solomon used specialised microphones and sound technology to create sounds of the bush for visually impaired people. In the documentary a young blind girl, Anika, with a knack for bird calls experiences a sound safari in this documentary. This was truly wonderful and insightful to watch.

Lieske recommends that members should attend the Bird Fair next year as one can learn more on birds and their habitats.

*Lieske Burger*

# 42 DAE EN 42 NAGTE NA BOTSWANA EN NAMIBIË (27 MAART – 7 MEI 2024)

Die groep van Alet Steyn, Corrie Venter, Johan Nel, Willemien du Plessis, Lawren en Marietha Oelofse, Frik en Marie Jacobs het op 27 Maart 2024 na Botswana en Namibië vertrek. Jurie en Helandi Moolman was ook deel van die groep tot en met Nundu River Lodge. Met hul vertrek kom Pieter en Esme Labuschagne hulle net buite Potchefstroom afsien en deel aan elke voertuig ‘n pak paaseiers uit.



***Lawren, Frik, Marie, Corrie, Alet, Marietha en Esme by die boswa***

Johan met sy ongelooflike kennis en ervaring van watter voëls moontlik waar gesien kon word, het die roete beplan. Met Marie se hulp word kampplekke geïdentifiseer en met almal se goedkeuring word dit geboek.



***Agter Frik, Johan en Willemien Middel: Lawren, Marietha, Alet, Helandi en Jurie Voor: Marie en Corrie***

Voor die toer begin, bied Johan ‘n fotosessie aan by die Bokmakierie voël klub van die Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Baie van die voëls wat hy tydens die sessie wys kom juis uit die roete wat hy vir die groep beplan het.

Op ‘n vraag aan Alet oor hoeveel “lifers” sy dink sy moontlik behoort te sien antwoord sy braaf – 40. Die antwoord oor die 40 spesies word toe die groot uitdaging op die toer.

Corrie kry toe 40 en Alet 42 “lifers”.




***Die vier voertuie, gids en van die spanlede.***

**VOERTUIE**. Die groep het met **4 voertuie** gery. Die groep het tydens hul besoek aan Etosha nie by dieselfde kampplekke oorgebly nie. Lawren en Marietha het ook langer agtergebly in Namibië om by hul dogter te kuier.


Alet, Corrie, Frik en Marie het saamgery. Hulle het 'n boswa gesleep en altesaam 7785 km gery en 881 liter brandstof gebruik. Die kaart roetes in die artikel is van genoemde groep. Alet en Corrie het in die boswa geslaap, Lawren en Marietha in hul karavaan en die res van die groep in tente.

Skade aan die voertuie was daar wel. Tydens die rit op Hunters Road het 'n tak opgeslaan en Johan se linkerkantse agter venster gebreek. Net daarna via die kaplyn het Jurie se voertuig se elektronika ingegee. Vanaf Etosha op pad na Outjo het Lawren se voertuig se uitlaatklep gebreek. Die boswa, wat Noag gedoop was, het heelwat van sy parte in Namibië agtergelaat. Die agterste deur van die wa se knip het afgebreek en die onderste gedeelte van die deur geskeur. 'n Rooi nylon tou het toe die deur in plek gehou. Toe het Noag 'n pap wiel gekry op pad na Halali. Net buite Etosha het een wiel van Noag gebars. Noag se as het 40 km duskant Usakos gebreek. Na dese het die groep besef dat mens verkieslik nie 'n karavaan of boswa na Halali sleep nie. Die pad na en van Epupu valle, Brandberg en Erongo het ook uitdagings gehad. Die paaie was erg sinkpad.

Gelukkig kon alles êrens op die roete herstel word behalwe Noag wat eers ten volle in Potchefstroom al sy parte teruggekry het.

# ROETE

Kaarte van kampe besoek tydens die toer






**Kampe.** Elke kamp was iets besonders. By Epupu valle, Brandberg en Erongo was dit baie warm en was die groep gereeld in die swembaddens.

Nunda River Lodge en omgewing is ’n voëlkyk paradys. Die voëlgeluide maak mens wakker in die oggende en in die aande om die etenstafel het hulle sommer in die kamp kom kuier. Die rit saam met Bassi, die toergids, het van ’n twee uur na ’n vyf uur rit verander met baie “lifers”. By Taranga Lodge het Corrie en Alet sommer met die verkykers langs die swembad gelê en voëls kyk. Die buitengewone reënval in die Epupu omgewing het die watervalle aanskoulik gemaak en die groep sonder woorde gelaat. Erongo Rocks en Brandberg Lodge het hul eie mooi wat dit plekke maak wat weer en weer besoek moet word. Die natuurskoon alleen slaan mens se asem weg.









**Voëlkyk**. Die groep het soms van gidse gebruik gemaak. By Nunda was dit Bassi en sy broer Christoff en by Kasane, Stone. Almal baie goeie gidse.

Van die "lifers" wat die groep identifiseer het is:

- Stockpoort die Olyfboomsanger (Olive-tree Warbler).
- Ongeveer 50 km anderkant Francistown die Swartberglyster (Boulder Chat).
- Elephant Sands die Witkeelmossie (Northern Grey-Headed Sparrow).
- Kasane omgewing en Thebe River Lodge die Bruinvuurvinkie (Brown Firefinch) en Afrikaanse wielewaal (African Golden Oriole), Geelkeelsandpatrys (Yellow-throated Sandgrouse), Witvlerkkiewiet (Long-toed Lapwing), Rooipensreier (Rufous-bellied Heron) en naby die Muschenje kampterrein die Witkruiskatlagter (Hartlaub's Babbler). Die Rooskeelkalkoentjie (Rosy-throated Longclaw) is in die lang gras gesoek. Die gras is baie lank en die groep het in 'n lang ry geloop om hom op te jaag. Met dié is die groep aangenaam verras toe die Natalse naguil (Swamp Nightjar) ook opvlieg.



***Afrikaansewielewaal***
***Witkeelmossie***
***Swartwangkatlagter***
***Witkruiskatlagter***

- In die Chobe Nasionale Park die Gestreepte Vleiloerie (White-browed Coucal).
- Tydens die bootrit op die Chobe river die Witrugnagreier (White-backed Night Heron) en Blouvisvanger (Half-collared Kingfisher).
- Tydens die besoek aan Mutoya Lodge en omgewing die Enkelbandslangarend (Western Banded Snake Eagle), Palmmôrelyster (Collared Palm Thrush), Langkuifloerie (Schalow's Turaco) en Geelkeelwillie (Yellow-throated Leaflove).





***Enkelbandslangarend*** ***Palmmôrelyster***






- Divundu omgewing en Nunda River Lodge die Kopersuikerbekkie (Copper Sunbird), Spitsstertglansspreeu (Sharp-tailed Starling), Swartwangkatlagter (Black-faced Babbler) en Dwerggans (African Pygmy Goose). Tydens 'n onvergeetlike bootrit ook die Piepende Tinktinkie (Chirping Cisticola), Luapulatinktinkie (Luapula Cisticola), Afrikaanse Oewerswael (Brown-throated Martin), Bosuil (African Wood Owl) en Vlermuisvalk (Bat Hawk)

- Omunjandi en omgewing die Rooiwangparkiet (Rosy-faced Lovebird), Olyfbyvreter (Olive Bee-eater), Damararooibekneushoringvoël (Damara Red-billed Hornbill), Kleinwindswael (Little Swift) en Korstertlaksman (White-tailed Shrike)

***Dwerggans en Rooiwangparkiet***




- Epupa falls Rooistertmôrelyster (Rufous-tailed Palm Thrush)
Volgens die Roberts toepassing kom die Rooistertmôrelyster slegs voor soos aangedui op linkerkantse prent. In Faansie Peacock se boek dui hy ook spesifiek aan dat hy slegs daar voorkom.

Die groep was dus baie gelukkig om hom wel te kry al het dit drie dae gekos voor hulle hom gesien het.

- By Hobotere die Monteirose neushoringvoël (Monteiro's Hornbill), Perskakelaar (Violet Wood-hoopoe), Ovamboswartmees (Carp's Tit), Klipfisant (Hartlaub's Spurfowl) en Bruinwewer (Chestnut Weaver).
- By Kamanjab Kaoko Bush Lodge die Bloupenspapegaai (Ruppell's Parrot) en Rotsvoël (Rockrunner)
- By Kamanjab die Muiskleurwindswael (Bradfield's Swift).
- Naby Khoarixas die Kaokolangbeklewerik (Benguela Long-billed Lark).
- Op pad na Brandberg die Woestynlewerik (Stark's Lark) en Woestynkorhaan (Ruppell's Korhaan).
- By die Brandberg Lodge die Donkernaguil (Freckled Nightjar).
- By Walvisbaai die Damarasterretjie (Damara Tern) en Terekruiter (Terek Sandpiper).



***Witrugnagreier, Rotsvoël, Woestynlewerik en Kaokolangbeklewerik***

- Net buite Walvisbaai op pad na Windhoek die Namiblewerik (Gray's Lark).


**Dit was 'n onvergeetlike toer wat nie een van die spanlede ooit sal vergeet nie.**

*Alet Steyn*

# VREEMD MAAR TOG BEKEND

In September 2024 het Lounell White vir haar broer, Martin in Broadstairs, Engeland gaan kuier. Broadstairs lê aan die Noordsee sowat 65 kilometer vanaf Dover. Alhoewel haar broer glad nie ‘n voëlkyker is nie, kon Lounell ‘n paar voëltjies tydens haar besoek waarneem.

Dit is ‘n kuns om voëls te kyk in Engeland. Eerstens is die paaie baie nou, dus kan en mag ‘n mens nie van die pad aftrek nie. Alhoewel groot getalle voëls in nuut geoeste lande waargeneem kon word, kon voëls nie teen 70 km per uur geïdentifiseer word nie. Tweedens is die plantegroei in Septembermaand nog baie dig, en alhoewel die gekwetter van voëls duidelik in ‘n struik of boom gehoor kon word, kon drie paar oë geen voëltjie raaksien nie. Ten spyte van hierdie struikelblokke kan daar wel oor ‘n paar voëls gerapporteer word.





Vreemd, waar in Suid Afrika verskillende spesies voorkom, kom daar in Engeland net een soort duiker (cormorant), spreeu (starling) en visvanger (kingfisher) voor. Die duiker wat daar voorkom lyk baie soos die Trekduiker (Cape Cormorant) wat in Suid Afrika voorkom en word slegs as Cormorant gelys. Die Europese Spreeu (Common Starling) is die enigste spreeu wat daar voorkom. Op die terugvlug het Lounell langs Emma, ‘n Engelse skilderes wat haar toespits op wildlewe, gesit en die gesprek het oor voëls gegaan. Emma was baie verbaas oor die verskillende soorte spreeus wat in Suid Afrika voorkom.

‘n Groot verskeidenheid voëls binne die kraai familie kom wel in Engeland voor soos die Magpie (slegs die Engelse name van sommige voëls word genoem omdat hulle nie in Suid Afrika voorkom nie), Jackdaw, Rook en Carrion Crow. Nes soos hulle familie hier in Suid Afrika is hulle uiterste opportuniste wat enigiets vreet.



Magpie



Carrion Crow



Swane kom wild in Engeland voor en Lounell het hulle in kanale, riviere in die Engelse platteland, op die Teems in Londen waargeneem en die foto wys swane (Mute Swans) in Canterbury.

Ander watervoëls wat ook volop en wydverspreid voorkom is die Mallard, ‘n mooi kleurvolle eend met ‘n helder groen kop. Mense is geneig om hierdie eende te voer en hulle word baie mak. Slegs die



Grootwaterhoender (Common Moorhen) kom in Engeland voor en omdat die Kleinwaterhoender (Lesser Moorhen) nie daar voorkom nie word die spesie slegs as Moorhen gelys.



Ongelukkig is Lounell nie altyd so vinnig met die kamera nie en ‘n fotogeleentheid van die Chaffinch het dus verlore gegaan. Dit



is ‘n klein voëltjie, ongeveer ‘n mossie grootte met ‘n roesbruin rug en grys koppie. Hierdie voëltjie kom algemeen in Engeland voor en sing pragtig. Die Europese vlieëvanger (Spotted Flycatcher), wat ook bekend is in Suid Afrika, het ook geduldig vir sy ete gewag. Die groepie Huismossies (House Sparrows) het tussen die klippe naby die strand na kos gesoek.





Baie meeue kom in Broadstairs en die nabygeleë kus dorpies voor. Die mees algemene meeu ( Herring Gull) lyk baie soos die Swartrug Meeu (Black-backed Gull) maar sy rugvere is grys en nie swart nie en die meeu is ook effens skraler. Hierdie meeu is aggressief en ‘n mens moet maar versigtig wees met kos in die hand want hulle sal maklik kos



uit ‘n mens se hand uit steel. Die Swartkopmeeu (Black-headed Gull) het ‘n klein swart kolletjie teen sy kop (nie broeidrag) maar in broeidrag is die hele kop swart.





In Engeland word daar onderskei tussen pigeons en doves wat in Afrikaans net na ‘n duif vertaal word. Die Woodpigeon is ‘n groot voël en kom algemeen voor. Hulle is egter baie lomp en kan maklik ‘n tak mistrap. Hierdie voëls word vir hulle vleis in die platteland geskiet. Die Collared Dove lyk baie soos die Suid Afrikaanse Gewone Tortelduif (Ring-necked dove) maar sy ringetjie om die nek is net baie dunner.



Die Ringnek Parakiet (Ring-necked Parakeet) word gelys as ‘n rare spesie in Engeland. Martin het egter genoem toe die voëls ‘n paar jaar gelede in Engeland veral in die Kent area waargeneem is het voëlkykers in hulle massa opgedaag om na die rare spesie te kyk. Hulle is egter nou goed gevestig in Engeland en begin ‘n algemene gesig in tuine word.



Broadstairs maak deel uit waar  die Engelse kus ver in die see uitsteek. Dit is ook ‘n gebied waar die migrerende voëls wat van Groenland en Kanada migreer die eerste keer land, ‘n vlug van oor die 3,000 kilometer. Lounell was gelukkig om die Steenlopers (Ruddy Turnstones) op Broadstairs se hawemuur te sien land, na die lang vlug. ‘n Les wat ‘n voëlkyker egter moet leer is om altyd ‘n kamera saam te dra, iets wat sy nie op hierdie dag gedoen het nie. Gelukkig kon daar wel foto’s met die selfoon geneem word, wat darem ‘n troos is.

Die Engelse voëlboek in Lounell se besit toon aan dat die Kolgans (Egyptian Goose) en Blouvalk (Black-winged Kite) onder andere as rare spesies gelys word in Engeland. Suid Afrikaners is geseënd met so ‘n ryk voëllewe in die land.

*Lounell White*

# ‘n KAAPSE DRAAI - SEPTEMBER 2024

Dis regtig so, die Kaap is die Kaap van storms. In September moes Stefan Heydenreich in ’n stormsterkte wind aan die stuur hang om op die pad te bly en om groot bome wat op verskeie plekke oor die pad omgewaai was, te ontduik. Die wind was so erg dat die koringstoppels en ander waaibare items vanaf die landerye soos hael teen die kant van die bakkie gekletter het. By damme het die wind die water laat “kook” met ‘n dik reënbui windaf. Hierdie keer was dit die NAT koue. Die ysreën het teen die ruite afgegly en op plekke wit gelê. Tussenin was daar darem koue mooiweersdae om die indrukwekkende Kaapse natuur te geniet.

In Somerset Wes is dit altyd ‘n wenner om die Helderberg reservaat of die pragtige tuine van Lourensford- en Vergelegenlandgoedere te besoek. Die voëls is mense gewoond en bied heerlike geleenthede om voëls af te neem soos die Jangroentjie (Malachite Sunbird) wat op ’n speldekussing gesit het en die Klein-rooibandsuikerbekkie (Southern Double-collared Sunbird).


Jangroentjie


Klein-rooibandsuikerbekkie


Suidelike Swie


Overberglangbeklewerik

Mense besef nie altyd dat kikoejoegras baie saad het nie. Let op die saadjies reg voor die mannetjie. Hierdie  Suidelike Swies (Swee Waxbills) het goed gebruik gemaak hiervan en kom dikwels in swermpies op grasperke voor.

Hiervandaan is Stefan hulle na Swellendam vir ‘n troue en hy het ‘n ekstra dag oorgebly om in hierdie omgewing na die Overberglangbeklewerik (Agulhas Long-billed Lark) te soek. Die golwende landskap tussen die berge en die see word oorheers deur koring- en kanolalanderye. Daar is darem nog oorblyfsels van natuurlike veld wat ‘n verbasende verskeidenheid van voëls bied. Die Overberglangbeklewerik se snawel is onmiskenbaar en vir Stefan was dit die kersie op die koek toe hy wel die voëltjie opgespoor het.



Berglandskap Swellendam



Bloukraanvoëls



Gewone-, Nicholson- en Donker koester

Sy soektog was beperk tussen Buffeljagsrivier, ongeveer 11 km. oos van Swellendam, en seewaarts tot by Malgas, naby die De Hoop natuurreservaat.

Alhoewel Stefan nie enige Veldpoue (Denham’s Bustards) teëgekom het nie, was die groepe Bloukraanvoëls (Blue Cranes) met die swierige verlengde vlerkvere regtig indrukwekkend. Op die foto kan duidelik gesien word dat die vere deel is van die vlerke en nie stertvere is nie.

Stefan het in die Swellendam omgewing ook baie koesters waargeneem soos die Donkerkoester (Plain-backed Pipit) met sy grysbruin ongemerkte rug en geel bek, die Gewone Koester (African Pipit) met sy duidelike borsstrepe en gesigspatroon en die Nicholsonkoester (Nicholson's Pipit) met duidelike strepies op die bors en nie net dowwerige vlekkies nie.

Stefan kon in hierdie gebied ook lewerike waarneem soos die Dikbeklewerik (Large-billed Lark) met 'n kuif wat byna soos 'n hoed agterlangs gelig kan word en die enigste lewerik met helder geel aan die snawel, asook die Rooikoplewerik (Red-capped Lark).





Daar was baie kraaie in hierdie gebied maar Stefan het wel ook roofvoëls waargeneem soos hierdie Dwergarend (Booted Eagle) in vlug.



**Rooikoplewerik, Dikbeklewerik en Dwergarend**

Die uitsig vanaf Nina's Cottage, hulle volgende blyplek in die berge bokant Middelbergpas by Citrusdal was asemrowend.

Hierdie netjiese blyplek het regtig die spreekwoordelike alles in wat nodig is. Om dit as idillies te beskryf is baie naby aan die kol. Sowat 'n honderd meter agter die chalet was 'n watervalletjie met die glashelder stroompie wat twee meter van die huisie af verby gekabbel het. Net een van die twee dae van hulle verblyf was mooiweer met sonskyn. Die tweede dag was reënerig en koud. Hulle het dus die grootste deel van die dag voor die kaggel deurgebring met oorgenoeg brandhout wat gratis verskaf was. Die eienaar woon elders maar daar is 'n vriendelike Malawiër wat hulle welkom geheet het en selfs vir Rina 'n keuse van vier stap kieries aangery het van die hoofhuis af toe hy hoor sy het haar kierie tuis vergeet.





So vroeg in die somer was daar nog weinig Erikas in blom en die Oranjeborssuikerbekkies (Orange-breasted Sunbirds), as erikaspesialiste, naby aan die noordelike limiet van hulle verspreidingsgebied, moes maar tevrede wees met suikerbos blomme en verbasend genoeg, vrugte bloeisels. Die ongerepte natuurskoon word tog bederf deur die monokultuur van vrugteboorde, waarvan groot gedeeltes dikwels met wit nette bedek was. Dit wil tog voorkom of van die voëlspesies oorleef deur aan te pas.



Met so baie suikerbos in die omgewing was Stefan die Witvlerkkanarie (Protea Canary) te wagte wat hy ook gekry het. Dié kanarie is duidelik sonder die geel kruis maar het wel die wit keël kol net soos neef die Witkeelkanarie (White-throated Canary).







Halfpad huis toe het hulle op ‘n plaas tussen Vosburg en Britstown oorgebly by Rosedale Cottage so 16 km. vanaf Britstown. Daar is ‘n koppie met ‘n mooi uitsig oor die Karoolandskap en ‘n opsie om op die plaas rond te ry of te stap. Daar het hulle die Sabotalewerik (Sabota Lark) waargeneem wat reg langs die pad, besig was om huis op te sit.

Daar was ook baie doringbome in die gebied. Prosopis doringbome is op ‘n tyd ingevoer en in droë dele geplant omdat hulle so goed aard en die sade goeie veevoer is. Die sade word deur die diere se mis versprei en soos dikwels gebeur, aard die uitheemse plante so goed dat dit in ‘n pes ontaard. Die bome bied egter skuiling en nesmaakplek vir sekere voëls soos die sysies (waxbills), kanaries (canaries), tjeriktikke (warbles) en langstertjies (prinias). Die hout brand egter met ‘n sterk teeragtige reuk en is dus nie lekker vleisbraai hout nie.



Stefan het ook in hierdie gebied die Vaalstreepkoppie (Lark-like Bunting) waargeneem wat baie algemeen was. Die Swartwangsysie (Black-faced Waxbill), Swartkopkanaries (Black-headed Canaries) en Witkeelkanarie (White-throated Canary) met sy duidelike geel kruis is ook waargeneem. Stefan beklemtoon dit dat vir 'n verskeidenheid van voëls moet mens maar 'n verskeidenheid van habitatte besoek.

**Witkeelkanarie, Vaalstreepkoppie, Swartkopkanaries, Swartwangsysie**

*Stefan Heydenreich*

## VOËLKYK BY ABE BAILEY NATUURRESERVAAT MET PROF NISHANTA RAJAKARUNA

Pieter Labuschagne, Lawren Oelofse en Ian Luyt het saam met Professor Nishanta van California op 19 Julie 2024 die Abe Bailey Natuurreservaat besoek.



BirdLife Wesvaal het die eerste keer met Prof Nishanta kennis gemaak toe hy die gasspreker was met die maandelikse klub byeenkoms op 13 Mei 2023. Sy tema was: Die wonder van die natuur! Plante, diere en voëls. Sy passie vir die natuur en spesifiek voëls het beteken dat Prof Nishanta met verskeie klublede vriendskapsbande gesmee het na sy eerste besoek.

Daar is gereeld op sosiale media gekommunikeer en inligting, pragtige foto's en stories oor die doen en late van BirdLife Wesvaal gedeel asook Prof Nishanta se navorsing en wêreldreise. Die voëlkyk by Abe Bailey Natuurreservaat was weer 'n geleentheid om vriendskapsbande te smee en kennis uit te ruil.

Die span was vroegoggend met koffie en beskuit op pad na die vleilande met honderde flaminke en watervoëls. 'n Pragtige kleurvolle gesig in die middel van die vaal en eentonige winter in die Noordwes Provinsie.

Na ‘n opwindende dag en is die span weer terug Potchefstroom toe met ‘n spesie lys van 84 voëls. Die hoogtepunt was beslis die volgende voëls: Grootflamink (Greater Flamingo), Kleinflamink (Lesser Flamingo), Rooipootelsie (Black-winged Stilt), Rooivlerktjagra (Brown-crowned Tchagra) en die Gewone Kwartelvinkie (African Quail-finch). Hulle was ook verras met ‘n skugter Tierboskat (Serval) wat langs die water gestap het en ‘n goeie foto geleentheid gebied het.



Gewone kwartelvinkie

Dit was ‘n heerlike kuier saam met ou vriende!

*Pieter Labuschagne.*

## GESTREEPTE KRANSSWAEL (MASCARENE MARTIN)

Tommie Drinkwater se kleindogter (Lize-Mari Meyer) het in Durdan aan Ritmiese Gimnastiek deelgeneem en hulle het plek by Karridenestrand bespreek. Intussen het dit bekend geword dat daar ‘n Gestreepte Kransswael (Mascarene Martin) by Mount Moreland, naby die King Shaka Lughawe, was. Tommie het sommer die volgende dag (Saterdag) nadat hulle by Karridene aangekom het die pad na Mount Moreland gevat. Toe hy daar aangekom het was daar al ‘n hele paar voëlkykers, maar die swael het eers die middag ongeveer 16h00, saam met ‘n groot aantal Afrikaanse Oewerswaels (Brown-throated Martins), sy opwagting gemaak.



Gestreepte Kranswaels migreer in die winter vanaf Madagaskar na Mosambiek en Malawi waar hulle algemeen voorkom. Hulle broei egter nie hier nie. Hulle migreer gewoonlik ook nie so ver suid as Suid-Afrika nie en hierdie een by Mount Moreland was maar die tweede Gestreepte Kransswael wat daar amptelik bevestig is. Die eerste een is in 2002 in die Krugerwildtuin by Crooke’s Corner gesien.

Die Maandag (twee dae nadat Tommie die swael gesien het) het ‘n Edelvalk (Lanner Falcon) die swael, voor die oë van ‘n groot groep voëlkykers, gevang. Daar was selfs ‘n foto in sosiale media waar die valk wegvlieg met die swaeltjie in sy kloue. Die swael was vermoedelik nog jonk en onervare, omdat hy alleen op die kragdraad agtergebly het toe die Afrikaanse Oewerswaels die edelvalk gewaar en weggevlieg het.

*Tommie Drinkwater*

# *PROJEKTE*

## ONS TEL WATERVOËLS

Saterdagoggend 24 Augustus 2024 het klublede van BirdLife Wesvaal by Stonehaven on Vaal, in Vanderbijlpark, in samewerking met Vaal Bird Club deelgeneem aan die jaarlikse winter CWAC-telling (Coordinade Waterbird Counts).

Hierdie amptelike watervoël telling projek van Vaal Bird Club word gedurende Januariemaand in die somer en dan weer in Augustusmaand in die winter uitgevoer. Klublede vaar op die Vaalrivier per boot van punt A tot by punt B en alle watervoëls wat gesien en gehoor word, word gelys. Die verskillende voëlspesies sowel as die getal voëls per spesie word aangeteken.

Clifford Wright, die koördineerder van die projek, vir die afgelope 11 jaar, het aangedui dat tipe en die getalle van die voëlspesies geweldig wissel, volgens vorige rekords.



Op Augustus 2024 is daar ‘n totaal van 3047 voëls getel wat 31 voëlspesies verteenwoordig het. Die getalle van die volgende voël spesies wat getel is was soos volg, 1030 Bleshoenders (Red-knobbed Coots), 218 Witborsduikers (White-breasted Cormorants) en Grootwaterhoenders (Common Moorhens). Daar is ook 994 Kolganse (Egyptian Geese) op die dag getel. 'n Groot verrassing was die Visarend (African Fish Eagle) en ook ‘n paar Groenrugreiers (Green-backed Herons) wat klublede in die yskoue weerstoestande op die 4 ure bootrit gelys het.

Dit was ‘n aangename uitstappie vir die voëlkykers gewees. Daar is naby Potchefstroom baie geleenthede en moontlikhede om as klublede ‘n bydrae te maak tot die burger wetenskap projek.

Dankie aan Cliff Wright en Rina de Klerk van die Vaal Bird Club vir die uitnodiging, reëlings en gasvryheid. BirdLife Wesvaal lede sien daarna uit om weer saam met julle in die somer voëls te tel.

*Pieter Labuschagne*

# BIRDLASSER AND ATLASSING

The BIRDLASSER application is described on the BirdLasser website as follows: "**BirdLasser is fun for birders and good for birds. For both beginners and twitchers, BirdLasser is a fun way to record your sightings and share with friends, your community and contribute to conservation**".

SOUTHERN AFRICA BIRD ATLAS PROJECT 2 (SABAP2) is described on the SABAP2 website as "**a citizen science project that is driven by the energy of several hundred volunteers who are mapping the distribution of birds across several southern African countries. The project aims to map the distribution and relative abundance of birds in southern Africa and includes: South Africa, Lesotho, Botswana, Namibia, Mozambique, eSwatini, Zimbabwe and Zambia. To gather data, volunteers select a geographical 'pentad' on a map and record all the bird species seen within a set time frame, in order of species seen".**

Alet Steyn, Corrie Venter, Marietjie Ferreira and Pam Wilgenbus, members of BirdLife Wesvaal, first heard about a Birding Bash at New Holm Nature Lodge (near Hanover) in March 2022. The four attended the bash as they were more interested in adding birds to their own life lists and knew very little about Atlasing. During this Birding Bash they were trained how to use the **Birdlasser** application and how to submit information to **SABAP2.** What a window of opportunity started to open up for them using this application.

Since then, the four were hooked and arriving back in Potchefstroom used this knowledge frequently. They identified pentads that was never updated before and made it their mission to try to "colour" each pentad "blue".

Interesting stories can be told about the farmers that the birders met.

- Farmers often stopped and asked if something was wrong with the vehicle as the birders drove very slowly or stood still on one spot. The birders explained the reason for their presence and farmers then often invited them to visit their farms, indicating where to drive to see certain birds and the location of dams on their farm.
- On one occasion the birders realized that a farmer took pictures on his phone of their approaching vehicle. Big was his surprise when the birders opened the window and asked "have you expected old ladies stopping at your doorstep?". He informed the ladies that he already sent pictures of the approaching bakkie on their neighbourhood watch as farmers are often concerned of farm attacks. This is also the reason why a large number of gates are locked and some

habitats are not available for atlasing. To overcome this obstacle one of BirdLife Wesvaal members, Hentie Boardman, who farms between Potchefstroom and Ventersdorp agreed to inform fellow farmers if birders plan to visit the vicinity.




***Lieske Burger in the back, Alet Steyn and Corrie Venter in front and Marietjie Ferreira next to the bakkie***

BirdLife Wesvaal took note of the contribution value of using **Birdlasser**. On the 5th of October 2024 a training session was held by Alet and Corrie, attended by 14 members at the Elgro Hotel. This training concentrated on using the **BirdLasser** application. Training in submitting the BirdLasser information to **SABAP2** will follow early in 2025 so watch this Space!



***Birdlasser training on 5 October 2024 at the Elgro Hotel***

It must be said that three members of BirdLife Wesvaal already submitted more than 2000 pentads to SABAP2.

*Alet Steyn*

# RHEINMETALL VOËL SENSUS

BirdLife Wesvaal is genader om behulpsaam te wees met 'n voël sensus by Rheinmetall, net buite Potchefstroom. Hierdie inligting wat versamel word sal deur die plaaslike tak van Rheinmetall na hulle hoofkantoor gestuur word.

Weens veiligheidsmaatreëls moet BirdLife Wesvaal se lede eers deur 'n klaringsproses gaan om toegang tot die terrein te verkry. Elke persoon moet ook eers na 'n induksie video kyk. Die eerste induksie is gedoen op 4 Oktober 2024.

Op 7 Oktober is die eerste sensus gehou. Pieter Labuschagne, Roy Byers, Rita Marais, Alet Steyn en Corrie Venter was teenwoordig. Londeka Zulu van Rheinmetall was 'n wonderlike gids en het die span oral rondgery.



***Roy Byers, Corrie Venter, Londeka Zulu, Alet Steyn, Rita Marais en Pieter Labuschagne***

Na die sensus het die span met Londeka gesels oor die sensus en is die volgende riglyne daar gestel vir opvolgende besoeke.

- 'n Totaal van vyf lede kan op 'n keer saam met Londeka ry.
- Die tydsduur is ongeveer vier ure.
- Dit is belangrik dat daar ten minste een persoon moet wees wat op BirdLasser die voëls invoer.
- Lede moet betyds hul name opgee vir die volgende sensus sodat daar verseker kan word dat hulle die induksie program gevolg het. Belangrik om te weet dat die induksie elke ses maande herhaal moet word.
- Daar kan ook in die aande sensus gehou word om die nagvoëls soos naguile te lys.



Op 7 Oktober is daar 64 voëlspesies gelys. Van die spesies waaroor die lede opgewonde was is die Kleinheuningwyser (Lesser Honeyguide), Swartbekkakelaar (Common Scimitarbill), Draaihals (Red-throated Wryneck) en Streepkopkanarie (Streaky-headed Seedeater).

***Kleinheuningwyser***

Die terrein is in 2 pentads geleë en dit is nie moontlik om albei in een dag ten volle te lasser nie.

Corrie en Alet het op 8 Oktober die een pentad verder besoek deur die paaie buite Rheinmetall te ry wat nog binne hierdie pentad val. Hulle het met die besoek ‘n boer raakgeloop wat aangrensend van Rheinmetall bly. Hy het BirdLife Wesvaal lede uitgenooi om in die toekoms vooraf reëling met hom te tref sodat hulle dieselfde dag of die dag daarna ook sy plaas kan besoek. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om alle habitatte van daardie pentad te bereik. Hy is ook tegemoetkomend dat die lede snags die plaas kan besoek vir naguile wat volgens hom wel daar voorkom.

‘n Tweede besoek aan Rheinmetall het op 6 November 2024 plaasgevind.

Vir meer besonderhede en deelname kontak gerus die bestuur van BirdLife Wesvaal.

*Alet Steyn*

# Verwarrende spesies

## FISKAAL

In die Beeld van 18 Januarie 2018 word Sam de Beer ‘n voëlghoeroe-koekeloerder genoem. As jy ‘n voëlkoekeloerder is dan moet jy ook soms wonder is daardie voël wat daar sit ‘n Fiskaallaksman of Fiskaalvlieëvanger.

**Fiskaallaksman**: Die naam **laksman** was vroeër ook bekend as **janfiskaal**. Sam verduidelik in Beeld waarom daar twee sulke uiteenlopende name vir dieselfde voël is. Een van die vaders van die binomiale (tweeledige) nomenklatuur (naamgewing), Carl Linnaeus, het dié voël benoem as óf *Fiscus collaris*, óf *Lanius collaris*. Eersgenoemde dui op die feit dat hierdie voël goed versamel, net soos wat die fiskus (of 'n fiskaal) ons belasting insamel; daarom dus die voëlnaam janfiskaal. Die Latynse woord *lanius* beteken "slagter", en die naam *Lanius collaris* dui op die feit dat hierdie voël kleiner voëlsoorte vang en verskeur; vandaar dan ook die verband met "laksman" – iemand wat ander mense teregstel.

**Fiskaalvlieëvanger**: **Vlieëvangers** vreet hoofsaaklik insekte wat hulle in vlug vang. **Fiskaal** word in die boonste paragraaf beskryf.

**Identifisering**: Lucia du Preez wat sekerlik een van BirdLife Wesvaal se beste kennis en gawe gehad het om voëls te identifiseer het die identifisering so mooi en maklik omskryf. Die fiskaalvlieëvanger se streep op sy buite vlerk strek van sy **elmboog** en loop na onder. Die fiskaallaksman se streep kom weer van sy **skouer** en loop na onder.



**Links bo** is die duidelik streep vanaf die elmboog.

**Regs bo** is die streep vanaf die skouer.

**Links onder** is die wit duidelik vanaf skouer.

**Regs onder** is die fiskaallaksman se subcoronatus subspesie

*Alet Steyn*

# *Feite en geite*

## NAAMSVERANDERINGE




In die vorige Hoephoep (Augustus 2024) het Lawren Oelofse vertel van hulle ondervinding met die Duinlewerik (Dune Lark) by die Dune Star Lodge in die Namibwoestyn. Hulle het toe nie besef dat hulle sommer ook die Barlowlewerik gesien het nie. Die Internasionale Ornitologie Komitee het besluit dat hierdie twee lewerike nou een spesie is. Beide word nou die Duinlewerik genoem.

Vroeër is die Barlowlewerik (Barlow's Lark) in verskillende subspesies verdeel. Al hierdie subspesies is nou saam met die Duinlewerik gevoeg want navorsing het getoon dat die voëls identies in grootte en vokalisering is en dat daar baie klein genetiese verskille voorkom. Die Duinlewerik het 'n baie klein verspreidingsgebied, meestal in die sandduine, langs die kus in Namibië.




Hierdie Barlowlewerik (wat nou ook die Duinlewerik is) is naby Alexanderbaai afgeneem, aangesien dit voorheen aangedui was as die verspreidingsgebied van hierdie spesie.

*Tommie Drinkwater*


| | |
|---|---|
| **Deel asseblief interessante voël waarnemings met ander lede. Dit kan 'n beskrywing van 'n enkele voël wees, of interessante gedrag wat waargeneem is. Die inligting kan net kortliks weergegee word of 'n langer artikel kan geskryf word. Jou bydrae kan interessante leesstof vir ander lede wees.** | **Skryf in die derde persoon.<br>Stuur die artikel in Word formaat vir redigering<br>Skrif Arial 12 met 'n 1.15 spasiëring.<br>Heg ook 'n voël foto aan wat jy of 'n vriend geneem het<br>Die fotos moet apart saam met die artikel aangeheg word.** |


# *Voorbladfoto*

**Die voorbladfoto vir hierdie Hoephoep is verskaf deur Willie Victor.**

## BERGHAAN

Die Berghaan (Bateleur) was die voël van die jaar vir 2024. Dit is ‘n roofvoël wat in savanna gebied voorkom en hulle status is kwesbaar. Die naam Bateleur beteken koordloper in Frans en die naam is moontlik afkomstig van die akrobatiese toertjies wat Berghane in die lug uitvoer.





Die kleur van ‘n Berghaan is opvallend en dit is die mees kleurvolle roofvoël in Suid Afrika. Hulle het donkerswart vlerke met wit onder die vlerke. Die wit gedeeltes onder die vlerke onderskei mannetjies van wyfies wat op seksuele dimorfisme dui. In vlug vertoon die wyfies ‘n smal swart streep op hulle onder vlerke terwyl die mannetjies se swart band breër vertoon. Gesigte en bene is helder rooi en baie opvallend. Jonges is donkerbruin van kleur en eers in die vyfde jaar begin vere ‘n kastaiingbruin verkleur. Dit kan tot agt jaar neem voordat Berghane hulle kenmerkende kleure toon. Berghane het ‘n baie kort stert en bene strek onder verby die stert punt in vlug.



Berghane spandeer ongeveer nege ure in die lug op soek na prooi, soos klein bokkies, muise, slange en akkedisse. Hulle is ook aasvreters, hulle vlieg laag ongeveer 50 – 70 m bo die grond wat tot gevolg het dat baie keer eerste by ‘n karkas uitkom. Die Berghaan is relatief klein en sal daarom wegbeweeg van ‘n karkas as groter aasvreters soos aasvoëls (vultures) kom vreet.



Berghane is monogaam en tydens die vertoon gedrag neem die mannetjie ‘n feniks houding aan waar hy regop staan en sy vere lank uitstrek om die aandag van ‘n wyfie te kry.

Klik op hierdie skakel om na die vertoon gedrag van die Berghaan te kyk.

https://youtu.be/dGK7qWxybck?si=GIpKho5YHooQD-Rs

## FOTOS EN BYDRAE

Alle voël foto's en bydrae is verskaf deur lede van BirdLife Wesvaal met gepaste bronne waar gebruik. Die Bestuur sê dankie vir julle bydrae om die Hoephoep interessant te maak.

## VOËLNAME

Voëlname is verkry van: BirdLife South Africa Checklist of Birds: 2023

*Die Redakteur nooi BLWV lede uit om foto's in te stuur wat gebruik sal word vir die voorblad van die volgende Hoephoep.*

*Die tema van die foto vir die volgende Hoephoep is die Rooibekrenostervoël (Red-billed Oxpecker): Voël van die Jaar 2025.*

*Reëls:*

*Portret formaat.*

*Foto sal deur BLWV komitee gekies word*

*Stuur foto's na lounellwhite@gmail.com*

*Landskap foto's sal in aanmerking kom vir die beskrywing van die voël, dus word hierdie foto's ook verwelkom.*